



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2016

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1
MEMORANDUM**

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP

- Spel- en taalfoute word NIE gepenaliseer NIE omdat die fokus op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word GEEN punt toegeken vir JA/NEE EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, word SLEGS die eerste TWEE/DRIE nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: ARTIKEL****TEKS A: (663 woorde)**

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
1.1	30% ✓	(1)	3
1.2	D Jy kan nie daarsonder klaarkom nie. ✓ óf D ✓ óf Jy kan nie daarsonder klaarkom nie. ✓	(1)	2
1.3	By die pole ✓	(1)	2
1.4	Al die water word weer en weer/oor en oor gebruik. ✓	(1)	2
1.5	Die gemiddelde reënval is 492mm per jaar teenoor 985mm per jaar in ander dele van die wêreld. ✓	(1)	3
1.6	Water help om die afvalstowwe op te los. ✓ óf water vervoer afvalstowwe na jou niere. ✓ óf Jou urine skei afvalstowwe uit. ✓ (enige 1)	(1)	3
1.7.1	Konnotatiewe ✓	(1)	3
1.7.2	Die blou kleur van die water op aarde blink soos 'n blou pêrel. ✓✓ óf Omdat die aarde meer water as land het, lyk dit of die aarde blou en blink soos 'n pêrel is. ✓✓ óf Dit het 'n figuurlike betekenis. ✓✓	(2)	4
1.8	Koue water gebruik liggaamsenergie om dit warm te maak. ✓ óf Liggaamsenergie gebruik kilojoules/kalorieë om die water warm te maak. ✓	(1)	3
1.9	Dit bevat minder kilojoules. ✓	(1)	1
1.10	Gifstowwe bou op weens onderaktiewe limfkliere. ✓	(1)	1
1.11	Plastiekbottels laat estrogeen in die water vry. ✓	(1)	3

1.12.1	Onwaar	(1)	
1.12.2	Jy moet 1 glas per 10 kg liggaamsgewig water drink. ✓ óf Dit is te veel water vir kinders. ✓ óf Mense wat oefen moet meer water drink. ✓ óf Mense wat drink/drank gebruik, moet ook meer water drink. ✓ óf Dit is ideaal vir die deursneemens. ✓ (Enige 2)	(2)	4
1.13	Kafeïen en alkohol veroorsaak dat jy ontwater/dehidreer. ✓ óf Kafeïen en alkohol dryf water af. ✓	(1)	3
1.14	Dit spoel afvalprodukte weg. ✓	(1)	2
1.15	Suurstof ✓ óf Voedingstowwe ✓	(1)	1
1.16.1	Figuurlik ✓	(1)	3
1.16.2	Aan die lewe te bly ✓ óf Uit te hou. ✓ óf 'n Bestaan probeer maak. ✓ óf Te oorleef. ✓ (of soortgelyk)	(1)	3
1.17	Mense moet geleer word om water te spaar. ✓✓ Die munisipaliteite moet toesien dat die infrastruktuur reg werk. ✓✓ Mense moet beboet word as hulle water mors. ✓✓ (sien op meriete binne konteks van die teks na)	(2)	4
1.18	bevochtig ✓	(1)	2
1.19.1	Waar		
1.19.2	Alles op aarde is afhanklik van water. ✓ óf Mense/plante/diere kan nie sonder water klaarkom nie. ✓ óf Alles op aarde gebruik en verbruik water. ✓ Goeie motivering binne konteks – sien op meriete na	(1)	4

Teks B

1.20	Die <input checked="" type="checkbox"/> wys dat dit die regte houding is en die <input type="checkbox"/> wys dat dit die verkeerde houding is. ✓ óf Die <input checked="" type="checkbox"/> wys hoe 'n mens reg moet loop/'n rugsak dra en die <input type="checkbox"/> wys hoe 'n mens nie moet loop/'n rugsak dra nie. ✓	(1)	3
1.21.1	B Ondersteuning ✓		
1.21.2	C Eweredige verspreiding ✓	(2)	3
1.22	Dit gaan die kind agtertoe trek. ✓ óf Die rugsak sal te laag hang. ✓	(1)	1
1.23	Dit sal nie goeie ondersteuning (aan die rug) bied nie. ✓	(1)	3
1.24	Fisioterapeut ✓	(1)	1

[30]**TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2: EKSAMENSTRES.****TEKS C****ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
 - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
 - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne van die paragraaf nagesien.

LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE 'n PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE DIREKTE AANHALINGS:

Die hoofgedagte moet in 'n volsin aangebied word.

Punte

1–3 feite korrek – 1 punt

4–5 feite korrek – 2 punte

6–7 feite korrek – 3 punte

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:

Die hoofgedagte moet in 'n volsin aangebied word.

Punte

6-7 aanhalings – geen punte vir taal

1-5 aanhalings – 1 punt vir taal

LET WEL**Woordtelling:**

- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- **Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.**
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- **Indien die maksimum woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.**

<p>1. Eksamenstres is vir alle leerdere en ook volwassene 'n groot kopseer. Hier is 'n paar riglyne wat jou sal help om jou vir die eksamen voor te berei:</p> <p>2. <u>Moet nooit die belangrikheid van enige eksamen onderskat nie daarom moet jy op jou einddoel bly fokus.</u> Jou uitslae het 'n langtermyn effek. Moet dit nooit vergeet nie. <u>Jy moet jouself organiseer deur seker te maak dat jou notas op datum is.</u> Maak gebruik van 'n stelsel wat jy vir jouself uitwerk sodat jy presies weet waar alles is.</p> <p>3. Jy sal moet aanvaar dat jou sosiale lewe tydens die eksamen en die voorbereidingstydperk laer op jou prioriteitslys sal afbeweeg. <u>Jy moet dus aanpassings maak deur te prioritiseer.</u> Nie al die mense in jou groep sal op dieselfde tyd eksamen as jy skryf nie en sommige van hulle beskou heel moontlik nie hul studies in dieselfde ernstige lig nie. <u>Moenie onder groepsdruk swig nie as jy aanhoudend uitgenooi word om hulle te vergesel.</u></p> <p>4. <u>Maak seker dat jy jou werk verstaan.</u> Vra jou onderwyser om jou te help of stig 'n studiegroep. Elke persoon het nie dieselfde benadering vir 'n leervak as vir 'n berekeningsvak nie. <u>Maak seker dat jy van studiemetodes gebruik maak wat vir jou werk.</u></p> <p>5. Dit is nie nou die tyd om jou eetpatroon te verander nie. <u>Jy moet juis nou natuurlik 'n gesonde dieet volg sodat jou liggaam op sy beste kan funksioneer.</u></p>	<p>1. JY MOET GEFOKUS WEES/FOKUS OP JOU EINDDOEL.</p> <p>2. WEES GEORGANISEERD TEN OPSIGTE VAN JOU WERK.</p> <p>3. MAAK AANPASSINGS DEUR (JOU WERK EN LEWE) TE PRIORITISEER.</p> <p>4. MOENIE ONDER GROEPSDRUK SWIG NIE.</p> <p>5. VERSTAAN JOU WERK.</p> <p>6. GEBRUIK STUDIEMETODES WAT VIR JOU WERK.</p> <p>7. VOLG 'n GESONDE LEEFSTYL/DIEET.</p> <p>(49 woorde)</p>
---	--

AFDELING C: TAAL

ASSESSERINGSRIGLYNE

WOORD- EN SINSTRUKTURE

- **Spelling vir eenwoord-antwoorde moet korrek wees om punte te verdien.**
- Die standaardvariant geld.
- Wanneer slegs een woord as antwoord gevra word, kry die kandidaat geen punte indien die opdrag nie uitgevoer is nie. (Kandidate moet nie die hele sin skryf nie, indien daar gevra word om net die woord te skryf.)
- Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie **indien anders vereis word – veral met een woord antwoorde**; behalwe waar spelling getoets word.
- Taalfoute word geenaliseer waar taalstrukture gevra word.
- Waar afkortings getoets word, moet die punktuasie ook korrek wees om 'n punt te verdien.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, moet die hele sin uitgeskryf word.
- LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.
- **Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.**

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Teks D

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
3.1	Spur & Perfek ✓ (Beide woorde moet korrek gespel word om 'n punt te verdien)	(1)	4
3.2	Februarie ✓ óf Die maand van liefde. ✓ (Die maand moet korrek gespel word om 'n punt te verdien)	(1)	2
3.3	Twee (verliefde) mense/n Paartjie ✓ Twee tipes geregte/kosse ✓	(2)	3
3.4	Dit is die naam van die sous. ✓	(1)	3
3.5	In Februarie word Valentynsdag gevier. ✓ óf Dit manipuleer die leser om na Spur/die restaurant (restourant) te gaan. ✓ óf Februarie is die maand van liefde. ✓ (of soortgelyke antwoord binne konteks van die teks)	(1)	3

3.6	Dit manipuleer mense om daar te gaan eet. ✓ óf Die mense wat die advertensie sien, word lus en gaan eet daar. ✓ óf Dit trek die mense se aandag om die advertensie te lees (en om daar te gaan eet). ✓ (of soortgelyke antwoord binne konteks van die teks)	(1)	3
3.7	As 'n mens versadig is, is jy lus vir die lewe. ✓ óf As 'n mens lekker geëet het, is jy lus vir die lewe. ✓ (of soortgelyke antwoord binne konteks van die teks)	(1)	3
3.8	Die aand van liefde word met twee geregte in een gevier.	(1)	3
3.9	Dit word in dik (swart) hoofletters/vetgedrukte/donker letters geskryf. ✓ óf Daar is 'n uitroepteken. ✓ (Die woord font mag deur kandidate gebruik word.)	(1)	4

[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENTE**Teks E**

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
4.1	Strepe het kolle (en nie strepe nie). ✓	(1)	5
4.2	Ouboet bevestig die feit dat Strepe kan fluit. ✓ óf Hy sê, maar vra eintlik, dat hy nie vir Strepe hoor fluit nie. ✓ óf Hy's verbaas dat Kleinboet Strepe geleer het, maar hy hoor niks. ✓ (of soortgelyk binne konteks van die teks)	(1)	3
4.3	Hy trek sy oë. ✓ óf Sy mond word afgetrek. ✓	(1)	5
4.4	Hy trek sy mond. ✓ óf Sy oë is groot. ✓	(1)	5
4.5	Hy beklemtoon die feit dat Strepe nie (noodwendig) geleer het nie. ✓	(1)	3
4.6	Ouboet is verbaas en hy het nie meer woorde nie. ✓ óf Hy luister (verder) of Strepe fluit. ✓ óf Ouboet is verbaas en kan niks meer sê nie. ✓ NIE – Dit laat die leser dink nie!	(1)	3
4.7	Kleinboet sê dat hy vir Strepe geleer het hoe om te fluit. ✓ (Alles moet korrek wees om 'n punt te verdien.)	(1)	3
4.8	A. 'n Mens leer met oefening. ✓ óf 'n Mens leer met oefening. ✓ óf A ✓	(1)	4
4.9.1	Nee		
4.9.2	Strepe is 'n hond/n Hond kan nie fluit nie. ✓	(1)	4
4.10	Dierevel/iets wat jy klim/kous wat leer ✓ (enige van die betekenis kan in 'n sin gebruik word vir 'n punt.)	(1)	1

[10]

VRAAG 5: PROSA

Teks F

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK
5.1	Robin het nie sy huiswerk gedoen nie <u>daarom ruk</u> ✓ die onderwyseres die boek uit sy hand.	(1)	3
5.2	Die onderwyseres vra: " <u>Wat gaan jou/sy verskoning wees?</u> " ✓	(1)	3
5.3	Hy behoort nie op Robin te skree nie. ✓	(1)	3
5.4	dood(s)bang, vrekbang, yskoudbang, skytbang (obseen), siek bang, sissiebang ✓ (korrekte spelling; met of sonder 'n hoofletter)	(1)	1
5.5	Robin is <u>nog nie</u> deur sy vriende verneder <u>nie</u> . ✓	(1)	3
5.6	<u>Speletjies</u> ✓ (korrekte spelling; met of sonder 'n hoofletter)	(1)	1
5.7	<u>Kinderregte</u> ✓ (korrekte spelling; met of sonder 'n hoofletter)	(1)	1
5.8	Die "onskuldige bloedjies" word ten volle deur ouers ondersteun. ✓	(1)	3
5.9	<u>Moet</u> daar ook gesag in die ouerhuis wees? ✓	(1)	3
5.10	<u>weier</u> ✓ (korrekte spelling; met of sonder 'n hoofletter)	(1)	1
5.11	In party skole <u>sal</u> daar totale anargie <u>wees</u> . ✓	(1)	3
5.12	<u>uitdryf</u> ✓ (korrekte spelling; met of sonder 'n hoofletter)	(1)	1
5.13	<u>daaglik</u> ✓ (korrekte spelling; met of sonder 'n hoofletter)	(1)	1
5.14	(ge)ruk ✓ (korrekte spelling; met of sonder 'n hoofletter)	(1)	1

TEKS G

5.15	Frankie kan <u>nóg</u> lees <u>nóg</u> Wiskunde doen. ✓	(1)	3
5.16	bekommerd ✓/bekommer (korrekte spelling; met of sonder 'n hoofletter)	(1)	1
5.17	Wisk./wisk. ✓ (korrekte spelling; die punt moet daar wees om die punt te verdien)	(1)	1
5.18	<u>vlieënier</u> ✓ (korrekte spelling; met of sonder 'n hoofletter)	(1)	1
5.19	<u>Skaatsplank</u> ✓ (korrekte spelling; met of sonder 'n hoofletter)	(1)	1
5.20	C. ✓ beslis ✓ (korrekte spelling)	(1)	

[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80